

**Dinsdag 24 Oktober**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 12:4-6; Openbaring 3:14-22**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 12:5, 6; Openbaring 3:19**

### **Tug as liefde**

Ontrou aan God is 'n ernstige bedreiging. Verslapping en louheid in geloofsdissipline word deur Satan verwelkom. Hy trek jou steeds verder van God af weg. Twyfel in God se liefde en die waarheid van sy beloftes sorg ook dat jy tou opgooi en terugsak.

In jou worsteling met onreg en ongeregtigheid moet jy na Christus kyk. Hy het tot die einde toe volhard. In sy krag en sterkte moet jy ten bloede toe weerstand bied in jou stryd teen die sonde.

Lyding en beproewing is tugmiddels waarmee die Here jou teregwys. Hy bestraf en tug elkeen wat Hy liefhet. Jy moenie dit gering ag of opstandig wees as Hy jou tug nie. Moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie.

Sy tugtiging mag nooit die oorsaak van verslapping in liefde en gehoorsaamheid aan sy wil word nie. Hy verafsku louheid. Hy wil met eerbied ge-dien word. As jy ongevoelig en lou teenoor sy saak is, moet jy tot bekering kom. Wees ywerig in die liefdesvuur (Op. 3:19).

Christus straf en tugtig jou omdat Hy jou liefhet en wil red. In elke ouer-huis en in die kerk moet die tug en vermaning dieselfde liefde van Christus uitstraal. Tug is nie straf nie, maar 'n liefdeshandeling om reg te trek wat skeef gegroei het. 'n Ouer en die kerk openbaar nie Christus se liefde as tug nie toegepas word nie. Om onder verdrukking moedeloos of opstandig te word, is 'n veragting van die tugtiging van die Here. Dit is 'n voorreg, 'n bewys van sy liefde dat Hy jou tug.

*Sing: Psalm 38:1, 3 (1936)*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*